IN THE HIGH COURT OF SOUTH AFRICA
(WESTERN CAPE HIGH COURT, CAPE TOWN)

IN DIE HOË HOF VAN SUID-AFRIKA
(WES-KAAP HOË HOF, KAAPSTAD)

SAAKNOMMER	:	A32/2010
DATUM	:	2011-03-25

In die saak tussen:

GODFREY MANXILANE Appellant

en

DIE STAAT Respondent

VOOR	:	**SY EDELE REGTER BOZALEK**
NAMENS DIE APPELLANT	:	**ADV N BALLEM**
NAMENS DIE RESPONDENT	:	**ADV R J VAN ROOYEN**
INTERPRETER	:	**NIE BENODIG**

VOLUME 1
(Page 1 to 5)

CONTRACTORS : **EARL MAYO CC t/a LEGAL TRANSCRIPTIONS (WC)**
BOLAND BANK BUILDING, 18 LOWER BURG STREET
9th FLOOR, SUITE 903, CAPE TOWN, 8001
P O Box 16078, VLAEBERG, 8018
Tel : (021) 425-0975 / (021) 425-0870
Fax : (021) 425-1267
Mobile : 083 268 6368

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(WES-KAAP HOË-HOF, KAAPSTAD)

SAAKNOMMER: A32/2010

DATUM: 25 MAART 2011

In die saak tussen:

GODFREY MANXILANE Appellant

en

DIE STAAT Respondent

HOF VERGADER OP 25 MAART 2011: (om 14:37)

MNR BALLEM: Mag dit die Hof behaag, u Edele, ek verskyn namens die appellant.

ME VAN ROOYEN: Soos die Hof behaag, ek verskyn namens die respondent.

HOF: Nou in die eerste plek, mnr Ballem, waar was u vanoggend?

MNR BALLEM: U Edele, ek wil net weet het my klerk 'n boodskap gegee vir u?

HOF: Ja, ons het so 'n verwarde boodskap ... (tussenbeide)

MNR BALLEM: Het julle ... (tussenbeide)

HOF: Voertuigprobleme wat u ondervind het.

MNR BALLEM: Exactly. Nou wil u dit weer hoor?

HOF: Verskoon my?

MNR BALLEM: Wil u weer die verskoning hoor?

HOF: Ja.

MNR BALLEM: My voertuig het gebreek.

HOF: Verskoon my?

MNR BALLEM: My voertuig het gebreek.

HOF: Nou hoekom het u dit besef so tienuur se kant want die Hof gereed gestaan om voort te gaan?

MNR BALLEM: Ons moes gewag het vir die AA.

HOF: Verskoon my?

MNR BALLEM: Ons moes gewag het vir die AA.

HOF: Ja?

MNR BALLEM: Om die kar weg te tou.

HOF: Maar u het seker 'n selfoon?

MNR BALLEM: Ek het nie geweet van die saak nie, my sakboek was nie by my nie.

HOF: Jou sakkie was nie by jou nie?

MNR BALLEM: My sakboek was nie by my nie.

HOF: Ja, kon u nie die Hooggeregshof geskakel het nie, 'n halfuur voor die tyd nie, een uur voor die tyd?

MNR BALLEM: Regter, hoe lank gaan ons nou sukkel met dit?

HOF: Verskoon my?

MNR BALLEM: Hoe lank gaan ons nou sukkel met dit? Ek het nou moeite gedoen om hier te kom.

HOF: Mnr Ballem, miskien besef u nie, u eerste plig as u 'n

verskyning in die Hooggeregshof het, is om hier te wees en u doen ons nie 'n guns om hier te kom al het u probleme. Hoekom draai u u gesig weg van my as ek praat?

MNR BALLEM: Wel, ek het my sekretaris gevra om 'n boodskap te gee en ek het verwag sy moes die boodskap gee.

HOF: Ja, maar dan kry ons ook ... (tussenbeide)

MNR BALLEM: Nou wil u weer die boodskap van my hê?

HOF: Dan kry ons ook 'n verdere snaakse boodskap, kan die saak nie uitgestel word tot Maandag, telefoniese aansoek vir uitstel?

MNR BALLEM: Presies, toe kry ek die boodskap dat u is bereid om te wag vir my, nou is ek hier.

HOF: U was nie betrokke by 'n ander hof vanoggend, was u?

MNR BALLEM: Ek was nie betrokke nie, Regter, ek is nou hier. (Slaan op bank)

HOF: Meneer, u moet u houding – u moet ... (tussenbeide)

MNR BALLEM: Maar dan moet u ook nie kom ... (tussenbeide)

HOF: U moet versigtig wees met u houding, mnr Ballem voor die Hof.

MNR BALLEM: Maar dan moet u nie ook kom met 'n houding nie.

HOF: Verskoon my?

MNR BALLEM: Ek sê dan moet u nie kom met 'n houding nie, want ons is altwee groot mense, ek is nie jou kind nie.

HOF: Mnr Ballem, ek moet vir u sê ... (tussenbeide)

MNR BALLEM: Ek sê ek is nie jou kind nie.

HOF: Ek moet u waarsku u ... (tussenbeide)

MNR BALLEM: Jy maak net wat jy wil, maak wat jy wil.

HOF: U maak u seil baie naby aan die wind.

MNR BALLEM: Jou ma se poes, man, fok jou! (Mnr Ballem verlaat hof)

HOF: Mé Van Rooyen?

ME VAN ROOYEN: Ek is nou nie wat ek daarop kan antwoord nie, u Edele, miskien maar net die saak van die rol af verwyder vir vandag en dan kan ons maar weer ... (tussenbeide)

HOF: Ek dink die saak moet liewers *sine die* uitgestel word.

ME VAN ROOYEN: Ek sal daarby ook volstaan, u Edele, ons sal ander regsverteenwoordiging kry en dan ... (tussenbeide)

HOF: Hoe sal dit gereël word dan?

ME VAN ROOYEN: U Edele, ek sal die saak terugneem na adv Van Merwe toe, hy sal dan reël dat iemand anders dan ook die saak oorneem en daarvandaan af, as ons die regshulp kry en so aan, die stukke is gereed in elk geval.

HOF: Die saak sal dan – ek dink dit behoort by hierdie regsbank te bly en ek dink die mees gepaste bevel is dat dit uitgestel word *sine die* en u kan maar stappe doen wat betref regsverteenwoordiging. Ek weet nie of ons dieselfde regsverteenwoordiger sal sien nie. Goed, hierdie appèl word dan *sine die* uitgestel en Snellers [sic] (Legal Transcriptions)

word versoek om al die verrigtinge te tik wat vanmiddag hier plaasgevind het.

HOF VERDAAG: (om 14:37)